MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

Kennisgewing No. 46/2009

KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VIR BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2009 - 30 JUNIE 2010

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 25(4)(a) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, Wet no. 32 van 2000 dat die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die tydperk 1 Julie 2009 - 30 Junie 2010 op 17 Maart 2009 deur die Raad oorweeg is. Kopieë van gemelde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) lê ter insae gedurende kantoorure wat strek vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15 op Maandae tot Vrydae by die volgende:-

Beaufort-Wes: Korporatiewe Kantore, Donkinstraat 112 (Voormalige Sanlamgebou) – Me. S. Murray
Merweville: Munisipale Kantore, Voortrekkerstraat, Merweville – Me. M. Simpson
Nelspoort: Munisipale Kantore, Nelspoort – Me. V. Jonas
Amptelike webtuiste : www.beaufortwestmun.co.za

Kommentaar, indien enige, met betrekking tot die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die tydperk 1 Julie 2009 tot 30 Junie 2010 moet skriftelik en volledig gemotiveer, by die ondergetekende ingedien word voor of op **12:00** op **Dinsdag 28 April 2009.**

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie enige munisipale personeellid by enige ontvangskantore van die Raad te Beaufort-Wes, Nelspoort en Merweville kan nader vir hulpverlening om u kommentaar op skrif te stel.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Beaufort-Wes
6970

J Booysen
Munisipale Bestuurder

[10/3/3/5/11]